Cambridge International A Level

**Cambridge Assessment International Education**
Cambridge International Advanced Level

**AFRIKAANS** **9679/04**

Paper 4 Texts **October/November 2019**

**2 hours 30 minutes**

No Additional Materials are required.

**Invigilators must refer to the Additional Materials List for instructions on the use of set texts in the examination.**

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

An answer booklet is provided inside this question paper. You should follow the instructions on the front cover of the answer booklet. If you need additional answer paper ask the invigilator for a continuation booklet.

Answer **three** questions, each on a different text. You must choose one question from Section 1, one from Section 2 and one other.
Write your answers in **Afrikaans**.
Dictionaries are **not** permitted.
You should write between 500 and 600 words for each answer.
All questions in this paper carry equal marks.


**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Hierdie vraestel bevat ’n bylae waarop jy jou antwoorde moet skryf. Volg die instruksies op die voorkant van die antwoordbylae. As jy meer papier nodig het vir jou antwoorde, vra die toesighouer vir ’n ekstra antwoordbylae.

Beantwoord **drie** vrae, elkeen oor ’n ander teks. Kies een vraag uit Afdeling 1, een uit Afdeling 2 en een ander vraag.
Skryf jou antwoorde in **Afrikaans**.
Woordeboeke word **nie** toegelaat **nie**.
Jy behoort tussen 500 en 600 woorde vir elke antwoord te skryf.
Al die vrae tel ewe veel.

**INSTRUKSIES VIR DIE ANTWOORDBYLAE**

Vul die blokkies op die voorkant van jou antwoordbylae in hoofletters in.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
**MOENIE** OP ENIGE STREPIESKODES SKRYF **NIE**.
Skryf jou antwoorde in die antwoordbylae. Gebruik die voor- en agterkant van elke bladsy.
Laat twee reëls oop tussen jou antwoorde op elke vraag of deel van ’n vraag.
Skryf die nommer van die vraag wat jy beantwoord in die eerste linkerkantlyn.




As die vraag onderverdeel is, skryf die letter van die deel van die vraag in die tweede linkerkantlyn.
As jy ’n ekstra antwoordbylae gebruik het, sit dit binne-in jou eerste antwoordbylae wanneer jy klaar is met die eksamen.

This document consists of **5** printed pages, **3** blank pages and **1** Insert.

DC (KN) 178442/1
© UCLES 2019

Cambridge Assessment International Education

Beantwoord **drie** vrae, elkeen oor ’n ander teks. Kies een vraag uit Afdeling 1, een uit Afdeling 2 en een ander vraag.

## Afdeling 1

**1** ***Die kremetartekspedisie,*** **Wilma Stockenström**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Óf:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die dag na my weldoener se dood toe ek, voos van verliefdheid en verward, die vreemdeling gaan soek het, toe ook was die angs met my en dit was angs en verlange wat my voortgestu het en onsekerheid, die enigste sekerheid waarop ek altyd kon staatmaak, het my na strate gelei waar verskimmeling die mure in veelkleurige sere laat uitslaan en die poortdeure skeef en verrot hang en ek het ŉ gebou herken, ek het van die slawe herken wat daar met mandjies op die rûe in- en uitgaan. Dit was my vorige eienaar se speserypakhuis en ek besluit om my vriendin te besoek, en ek kom by haar aan in my pragtige sygewaad en my nuwe vinnige manier van gesels, my houdinkies, en daar staan ek toe lomp van verleentheid, ingeperk in my aanstellerigheid…

Sy sit bene gevou op die grond voor die bouvallige hut en krap met ŉ stokkie in die sand. Die hoenders en kuikens skrop maar soos voorheen op die werf, om die hutte en die huis en om die mangobome waar afgevalle vrugte suur stink. Dit lyk of sy haar nie aan die hoendermis en die vullis steur nie. ŉ Kaal baba met snotsmeersels op die bolip kruip daar eenkant rond en steek van die vuil sand in sy mond. Ek vra of dit hare is. Sy antwoord nie. Sy kyk my aan. Ek wil die baba optel, maar bedink my. Ek oorweeg wat ek vir hom kan gee. My vriendin kyk my aan. Toe ek wegloop, voel ek daardie priemende blik op my. Ek voel iemand iets teen my gooi. Ek draai om. Ek sien hoe sy hande vol sand optel en na my gooi.

(bl. 47–48)

**(i)** Wie is die “weldoener” waarna daar in die uittreksel verwys word?

**(ii)** Waarom word die verteller nie hartlik ontvang nie?

**(iii)** “Al wat oorbly, is die self.” Bespreek hierdie stelling met verwysing na die uittreksel en die boek as geheel.

**Óf:**

**(b)** Vergelyk en bespreek die verhoudings tussen die verteller en haar verskillende eienaars.

**2** ***Roepman,* Jan van Tonder**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Óf:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Ek kom agter dat Pa-hulle aan die praat is. Hy fluister: “Ek sê vir jou jy gaan haal weer die bobbejaan agter die bult.”

Ek bly doodstil lê.

“Jy sê altyd so, ou man, en jy is meestal reg, maar ek weet nie, dis of sy in niks meer belangstel nie – jy weet hoe ŉ lewenslustige kind sy was.”

“Sy hoop ons gee haar haar sin.”

“Ek dink nie so nie, dié ding is ver verby vermakerigheid. Sy doen nie meer haar huiswerk nie, sy het die netbal gelos, sy gaan kerk toe omdat sy moet. Wanneer laas het jy haar hoor lag? Toe, sê vir my?”

[...]

“Sy sal oor hom kom.”

“Die vraag is of dit betyds gaan wees, Abram. Watse kwaad het hulle verhouding haar gedoen? Salmon is ŉ seun met beginsels, hy sou mooi na haar gekyk het, maak nie saak in watter kerk nie.”

“Basta nou, Ada, ons praat nie weer daaroor nie.”

As Pa vir Ma op haar naam noem, en nie “vrou” nie, is daar fout. En as daar fout is, wil Ma praat. Nie Pa nie. Hy dink lank oor ŉ saak, sê dan wat hy wil sê, en dan is dit basta. Maar Ma laat haar nie altyd stilmaak nie.

(bl. 148–149)

**(i)** Van wie word in die bogenoemde teks gepraat en waarom is die persoon nou nie meer “lewenslustig” nie?

**(ii)** Het hierdie persoon “oor hom gekom” soos Pa in die uittreksel voorspel? Motiveer jou antwoord kortliks.

**(iii)** Bespreek die verhouding tussen Pa en Ma na aanleiding van die uittreksel en die boek as geheel.

**Óf:**

**(b)** “Timus groei van ŉ onseker, nuuskierige jong seun na ŉ selfversekerde, volwasse jong man.” Bespreek.

**3** ***Fiela se kind,* Dalene Matthee**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Óf:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

ʼn Geluid agter haar het haar laat omruk. Op die hoek, stralend en met die houtskuit nog drupnat in sy hande, het Benjamin oop en bloot gestaan, en haar tong het dik geword in haar mond van die skrik.

"Hy't tot onder in die vangdam gedryf, Ma! Ek moes ʼn stok vat om hom uit te kry en hy het nie eers omgeslaan nie." Hy het die twee mans onthou en eerbiedig gegroet: "Middag, baas – middag, baas."

Die lange het sy bril afgeruk en die dikke se mond het oopgeval. Selling se hande het al vinniger om en om inmekaar gerol soos die skrik hom vasvat.

Here, het sy in haar hart geskreeu, vat dan alles wat ek het! Vat die hele lot, maar moenie vir Benjamin vat nie!

(bl. 17)

**(i)** Verduidelik hoekom die twee mans dié dag hierheen gekom het.

**(ii)** Bespreek die rol van water in Benjamin se lewe na aanleiding van die uittreksel en die boek as geheel.

**Óf:**

**(b)** "Jy is nie die eerste houtkapper wat ek sonder verstand sien nie, maar jy is die eerste een wat ek sonder trots sien." Bespreek die aanhaling en staaf jou antwoord met verwysing na die boek.

## Afdeling 2

**4** ***Die groot anders-maak,* Jan Rabie**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Óf:**

**(a)** "Die roman beeld die einde van die Khoi-kultuur en lewenswyse uit." Bespreek.

**Óf:**

**(b)** "Maar hy kan nie die sagte smeking in die ou oë weerstaan nie." Evalueer die verhouding tussen Damoeb en Oasib in die roman.

**5** ***Mirakel,* Reza de Wet**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Óf:**

**(a)** "Die aansluiting by die toneelgeselskap bied slegs ŉ tydelike ontvlugting vir Abel." Bespreek hierdie stelling.

**Óf:**

**(b)** "Die belangrikste tema in die toneelstuk is die magsverhoudings tussen mense." Tot watter mate stem jy saam met hierdie stelling?

**6** ***Siener in die suburbs,* PG du Plessis**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Óf:**

**(a)** Analiseer en bespreek die titel met verwysing na die toneelstuk.

**Óf:**

**(b)** "Ek het jou geglo toe ons klein was en saam gesit en speel het ons bly anderkant die spoor en Ma is getroud … ek het saam met jou gehoop." Bespreek Tjokkie en Tiemie se verhouding met verwysing na hierdie aanhaling en die toneelstuk as geheel.

© UCLES 2019

**BLANK PAGE**

**BLANK PAGE**

© UCLES 2019 

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.